

Wenke om 'n taal te leer

1

WERK MET 'N PLAN

“Maak 'n lys van die redes waarom jy 'n nuwe taal leer, en gaan deur die lys elke keer as jy wil ophou.”—Serina.

Watter taal wil jy graag leer,
en waarom?

Taal:

Rede(s):



2

SORG DAT JY HULP HET


Maak 'n lys van mense
wat jou kan help wanneer
jy vasbrand.

*“Toe ek Spaans geleer het, het ander leerders my gehelp, en ons het mekaar aangemoedig. Ek het met hulle gepraat oor die uitdagings waarvoor hulle te staan gekom het en hoe hulle dit oorkom het.”
—Helena.*

“Jy sal slegs 'n taal vlot kan praat as jy jou daarin verdiep.”—Christopher.



3 MOENIE OPGEE NIE



“Die een dag voel dit asof jy die taal onder die knie het, en die volgende dag voel dit asof jy niks weet nie!”—Vivian.

Watter klein doelwitte kan jy vir jouself stel

wat maklik is om te bereik en wat jou sal

help om nie op te gee nie?

**“Moenie moedeloos word as ander vinniger as jy leer nie. Almal is anders.”
—Thomas.**

4 OEFEN ELKE DAG

“As jy hard werk, sal jy vinniger leer. Maar as jy nie hard werk nie, sal dit stadiger gaan.”—Danielle.

Skryf neer hoeveel tyd

jy elke dag kan gebruik

om die nuwe taal te leer.

Maandag	Dinsdag	Woensdag	Donderdag	Vrydag	Saterdag	Sondag

5 VIND UIT OOR DIE KULTUUR



Wat kan jy doen om uit te vind
oor die kultuur van die mense
wie se taal jy leer?

*“Ek probeer leer oor die mense wat die
taal praat. Ek vind uit hoe hulle dinge doen,
ek eet dieselfde kos as hulle en ek luister
na hulle musiek. Daar is meer om te leer
as net hoe om die taal te praat!”
—Alexis.*

6 BESOEK DIE LAND



*“Ons was agt maande lank in Chili
en omdat ons Spaans heeldag lank
gehoor het, het ons dit vinnig leer
praat.”—Natasha.*

Merk die land waarheen
jy wil gaan.

*“Jy moet die taal lees,
skryf, praat en daarna
luister. Om ’n taal vlot te
leer praat, moet jy al vier
hierdie dinge doen.”
—Allison.*

Dalk kan jy nie ’n ander land
besoek nie. Waarheen *kan* jy
wel gaan waar die taal, wat jy
besig is om te leer, gepraat
word?